



# **VOLCANO** **AGROSCIENCE** **Format 250SL**

Reg. No. / Nr. L 8018      Act No. / Wet Nr. 36 of / van 1947

A non-selective, systemic, herbicide with soil persistence, for the control of a wide spectrum of annual and perennial weeds on non-crop land and industrial sites.	'n Nie-selektiewe, sistemiese, onkruidodder met grondaksie, vir die beheer van 'n wye reeks eenjaar- en meerjarige onkruid in nie-gewas areas en industriële gebiede.	
HRAC <sup>†</sup> HERBICIDE GROUP	B	HRAC <sup>†</sup> ONKRUIDDODER GROEP

### ACTIVE INGREDIENT / AKTIEWE BESTANDDEEL

Imazapyr (Imidazolinone)

250 g/l

Imasapir (Imidasolinoon)

NET VOLUME.....



.....NETTO VOLUME

24-Hour Emergency Tel No: (032) 533-0716  
Information Hotline Tel No: (012) 842-0200

Registered by / Geregistreer deur:

**VOLCANO AGROSCIENCE (Pty) Ltd. / (Edms) Bpk.**

Reg. No. / Nr. 2000/004551/07

P.O. Box 1726

**Mount Edgecombe**

4300

Tel: (031) 5389700


Batch number.....



.....Lotnommer

Date of manufacture.....

.....Vervaardigingsdatum



Group / Groep III

Blue/ Blou band

## **WARNINGS**

- Handle with care.
- Poisonous when swallowed.
- Prevent contact with skin and eyes since product is eye irritant and may cause skin irritation.
- Store unused **Format 250SL** tightly closed in this container in a cool, well-ventilated place away from food, feeds, fertilizers and other chemicals.
- Keep behind lock and key and out of reach of children, animals and uninformed persons.
- Re-entry: Do not enter treated field until spray deposit has dried unless wearing protective clothing.

## **AERIAL APPLICATION**

- Notify all inhabitants in the immediate vicinity of the area to be sprayed and issue the necessary warnings.
- Do not spray over or allow drift to contaminate water or adjacent areas.
- All aerial applications of this remedy must conform with SABS Code of Practice 0018 in respect of the standards set (now known as SANS 10118).

**Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions, the registration holder does not warrant that it will be efficacious under all conditions because the action and effect thereof may be affected by factors such as abnormal soil, climatic and storage conditions; quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of the weed against the remedy concerned, as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment, or harm to man or animal or for lack of performance of the remedy concerned due to failure of the user to follow the label instructions or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in the event of any uncertainty.**

## **PRECAUTIONS**

- Do not inhale fumes or spray mist.
- Wear protective clothing when handling the concentrate and when preparing and applying the spray mixture. Wash protective clothing daily.
- Avoid contact with the remedy with the skin and eyes.
- Wash with soap and water after handling and application or after accidental contact with the skin.
- In the event of contact with the eyes, rinse the eyes with clean running water for at least 15 minutes. Seek medical attention, if required.
- Do not eat, drink or smoke whilst mixing or applying the remedy but wash hands and face thoroughly before doing so.
- Prevent contamination of food, feed, eating utensils and drinking water.
- Prevent spray drift onto other crops, grazing, water bodies and areas not to be treated.
- Mildly corrosive - clean applicator thoroughly after use and dispose of wash water responsibly to prevent contamination of the environment and water sources.
- Rinsing of the immediate container: invert the empty container over the spray tank and allow to drain for at least 30 seconds after the flow has slowed down to a drip. Thereafter, rinse the empty container three times with a volume of water equal to at least 10 % of that of the container. Add the rinsing water to the contents of the spray tank before destroying the container in the prescribed manner.
- Destroy the rinsed empty container by perforating and flattening it.
- Dispose of in approved landfill or preferably in a pesticide incinerator.
- Never use or re-use an empty container for any other purpose.

## USE RESTRICTIONS

- **Do not use Format 250SL on or near desirable vegetation or within their root zones, as severe injury or death may occur.** Also ensure that surface run-off, in the case of heavy downpours, do not wash herbicide laden soil particles to sensitive areas such as open water or desirable vegetation such as trees or cultivated lands.
- Prevent spray from drifting onto off-target areas, open water or desirable vegetation, by using low-pressure nozzles and anti-drift spray additives.
- **Do not use Format 250SL if the aforementioned use restrictions cannot be adhered to.**

## DIRECTIONS FOR USE

**Use only as indicated**

It is a violation of Government Notices R.1716 of 26 July 1991 and R.181 of 7 February 2003 issued in terms of the Fertilizers, Farm Feeds, Agricultural Remedies and Stock Remedies Act, 1947 (Act No 36 of 1947), to use this product in a manner inconsistent with its labelling.

### Mode of action:

- Due to its non-selective, systemic nature, **Format 250SL** is suitable for the control of a wide range of annual and perennial grasses and broad leaf weeds occurring in industrial sites and on non-crop land.
- **Format 250SL** is particularly useful on sites where the soil is rich in railway ash and in areas where common quick grass (*Cynodon dactylon*) needs to be controlled.
- The residual effect of **Format 250SL** is influenced by soil type, total seasonal rainfall, weed susceptibility, density of the weed population being treated and the rate of application. Effective residual control over a three to nine month period can be expected under favourable conditions.
- **Format 250SL**, which is root and foliar absorbed, provides both pre- and post-emergence weed control. Optimum results however, are obtained when the product is applied directly onto actively growing weeds. In such cases, rain two hours after application, will not adversely affect results.
- Although Format 250SL is slow acting, plant growth usually halts soon after application. Under dry conditions, hardy weeds may take several months to kill.

### Compatibility:

The compatibility of **Format 250SL** with other products may be influenced by the formulation of the products involved as well as the quality of the dilution water. Therefore a physical compatibility test should always be carried out prior to application as the formulation of other products may change without the knowledge of VOLCANO AGROSCIENCE, and the quality of water may vary from farm to farm.

**Format 250SL** is compatible with **Kilo WSG** (Reg. No. L 7431), **Springbok** (Reg. No. L6719) or **Seismic** (Reg. No. L7016) to speed up the visual effect on treated weeds.

- When tank mixtures are made, study the labels of both **Format 250SL** and the complimenting product carefully before application, and adhere to all prescriptions during the application process.

## MIXING INSTRUCTIONS

### Ground application:

- Always use only clean water.
- Fill the spray tank to the three-quarter mark.

- Before measuring the required amount of **Format 250SL**, shake the container well.
- Pre-mix the measured **Format 250SL** with  $\pm 10$  l of water before adding to the spray tank contents.
- If a complimenting product is going to be used in conjunction with Format 250SL, pre-mix this product the same way.
- Before application commences, fill the spray tank to the required level.
- Ensure continuous agitation throughout the application process.
- Prepared spray mixture must not be left in the spray tank for any length of time, e.g., overnight.

### **Aerial application:**

Aerial application may only be done by an accredited pest control operator registered in Field (i): Aerial Application (Act No. 36 of 1947), using a registered and correctly calibrated aircraft and applying the spray mixture in accordance with the South African National Standard 10118: The Aerial Application of Agricultural Remedies (previously: SABS Code of Practice 0118). It is important to ensure that the spray mixture is distributed evenly over the target area and that the loss of spray material during application is restricted to a minimum. It is therefore essential that the following criteria shall be met:

- Always use clean water only.
- Fill the spray tank to the three-quarter mark.
- While agitating the water in the tank, add the required amount of anti-drift agent.
- Before measuring off the required Format 250SL volume, shake the container well.
- Pre-mix the measured Format 250SL with  $\pm 10$  l of water before adding to the spray tank.
- If a complimenting product is going to be used in conjunction with Format 250SL, pre-mix this product accordingly.
- Ensure continuous agitation throughout the application process.
- Prepared spray mixture must not be left in the spray tank for any length of time, e.g., overnight.

### **Application parameters:**

- A minimum volume of 50 l spray mixture per ha is recommended.
- The aircraft used for applying **Format 250SL** must be fitted with a minimum of three AU 7000 micronairs, delivering a droplet spectrum with a VMD of 350 micron.
- The height of the spray boom should be maintained at 3 m above the target throughout the application process.
- Do not spray when the aircraft is in a climb, at the top of a turn or during a dive or when banking.

### **Meteorological conditions:**

- The difference between the wet and dry bulb readings as determined by a whirling hygrometer, must not exceed 8°Celsius.
- Do not spray under turbulent, unstable conditions nor during the heat of the day when rising thermals and downdraughts occur.
- Do not apply **Format 250SL** when the wind speed exceeds 15 km/h.

### **General:**

- Ensure that the whole target area is covered evenly without leaving any untreated strips.
- The spray contractor should provide a written assurance that the aforementioned conditions were complied with during the application process.

## DOSAGE RATES FOR APPLICATION

**Table 1. Industrial vegetation management on road verges, along railway lines and on non-crop land.**

Situation	Format 250SL Dosage	Remarks
All areas	2 – 8 l / ha	<ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Apply as a full cover spray</b> onto target area. Depending on the overall density of the target weed population, use 300 – 600 l spray water / ha.</li> <li>• <b>Use the higher rate where common quick grass (<i>C. dactylon</i>) and hardy tufted perennial grasses are to be controlled.</b> The lower rates are generally only suitable for control of annual weeds or where limited residual control is required.</li> <li>• On soils rich in organic matter, coal and ash, apply at least 6 – 8 l <b>Format 250SL</b> / ha.</li> <li>• Also study <b>USE RESTRICTIONS, PRECAUTIONS, and DIRECTIONS FOR USE</b> before mixing and applying <b>Format 250SL</b>.</li> </ul>

**Table 2. Control of common reed and bulrush**

Situation	Format 250SL Dosage	Remarks
Common reed ( <i>Phragmites australis</i> ) Bulrush ( <i>Typha capensis</i> )	250 ml <b>Format 250SL</b> / 100 l water (0,25 % solution) <b>or</b> 2 –3 l <b>Format 250SL</b> / ha <b>+</b> 7,5 l Springbok <b>or</b> 5,5 l <b>Seismic</b> / ha.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Before flowering, apply as a full cover spray in a minimum of 800 l water / ha.</li> <li>• The addition of <b>Springbok</b> or <b>Seismic</b> will increase knockdown, but a follow-up treatment may still be required during the next season.</li> <li>• <b><u>NOTE:</u> Reeds and bulrush growing in or near water that may possibly be used for irrigation, should not be treated with Format 250SL.</b></li> </ul>

**LIST OF BROADLEAF WEEDS AND GRASSES CONTROLLED BY FORMAT 250SL****Broadleaf weeds:**

SCIENTIFIC NAME	COMMON NAME
<i>Asclepias physocarpa</i>	Milkweed
<i>Argemone ochroleuca</i>	White-flowered Mexican poppy
<i>Bidens pilosa</i>	Common blackjack
<i>Chenopodium album</i>	White goosefoot
<i>Conyza albida</i>	Tall fleabane
<i>Conyza podocephala</i>	Conyza
<i>Chamaesyce inaequilatera</i>	Smooth creeping milkweed
<i>Flaveria bidentis</i>	Smelter's bush
<i>Lepidium bonariense</i>	Pepperweed
<i>Plantago lanceolata</i>	Ribwort
<i>Schkuhria pinnata</i>	Dwarf marigold
<i>Senecio polyanthemoides</i>	Ragwort
<i>Tagetes minuta</i>	Tall khaki weed
<i>Tribulus terrestris</i>	Common dubbeltjie

**Grasses:**

SCIENTIFIC NAME	COMMON NAME
<i>Cynodon dactylon</i>	Common quick grass
<i>Cynodon aethopicus</i>	Star grass
<i>Digitaria sanguinalis</i>	Crab finger grass
<i>Eleusine indica</i>	Goose grass
<i>Eragrostis</i> spp. *	Love grass
<i>Hyparrhenia hirta</i>	Common thatch grass
<i>Panicum maximum</i>	Guinea grass
<i>Paspalum dilatatum</i>	Common paspalum
<i>Paspalum paspaloides</i>	Buffalo paspalum
<i>Paspalum urvillei</i>	Giant paspalum
<i>Pennisetum clandestinum</i>	Kikuyu
<i>Rhynchelytrum repens</i>	Natal redtop
<i>Sorghum halepense</i>	Johnson grass
<i>Sporobolus africanus</i> *	Ratstail dropseed
<i>Themeda triandra</i>	Red grass
<i>Urochloa panicoides</i>	Annual signal grass

\* The control of these two species is variable.

**Note:**

**Format 250SL** controls the abovementioned broadleaf weed and grasses when used alone, or in tank mixtures with other products as indicated. Other broadleaf weed and grasses that were not present during the development trials, may possibly also be controlled to a certain degree. The registration holder does not accept any responsibility for unlisted weeds.

**Explanatory note:**

HRAC<sup>†</sup> = Herbicide Resistance Action Committee

## WAARSKUWINGS

- Hanteer versigtig.
- Giftig indien ingesluk.
- Voorkom kontak met die vel en oë aangesien die produk irriterend is vir die oë en ook mag lei tot vel irritasie.
- Berg ongebruikte **Format 250SL** dig toegemaak in hierdie houër in 'n koel, goedgeventileerde plek weg van voedsel, voer, voedingstowwe en ander chemikalieë.
- Bêre agter slot en grendel en buite bereik van kinders, diere en oningeligte persone.
- Herbetredingsinterval: Moet nie behandelde gebied binnegaan totdat die gespuite gedeelte droog is tensy tensy beskermende klere gedra word

## LUGTOEDIENING

- Stel alle persone in die onmiddellike omgewing van die gebied wat behandel gaan word in kennis daarvan en reik die nodige waarskuwings uit.
- Moenie oor watermassas of nie-teikengebiede spuit nie, of toelaat dat spuitnewel daarheen oorwaai nie.
- Alle lugtoedienings van hierdie middel moet geskied volgens die voorskrifte van SABS Gebruikskode 0118 (nou genoem SANS 10118).

**Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van onkruid teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan die omgewing of nadelige effek op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer of registrasiehouer in geval van enige onsekerheid.**

## VOORSORGMATREËLS

- Moenie dampe of spuitnewel inasem nie.
- Dra beskermende oorklere wanneer die konsentraat gehanteer en die spuitmengsel voorberei en toegedien word. Was besoedelde klere daagliks.
- Voorkom dat die middel in aanraking kom met die oë en vel.
- Was met seep en water ná gebruik en toediening of ná toevallige kontak met die vel.
- Indien die oë besmet word, moet die oë met skoon lopende water gespoel word vir minstens 15 minute. Verkry mediese hulp indien nodig.
- Moenie eet, drink of rook terwyl die spuitmengsel aangemaak of toegedien word nie alvorens die hande en gesig nie eers gewas is nie.
- Voorkom die besoedeling van voedsel, voer, eetgerei en drinkwater.
- Voorkom dat spuitnewel oorwaai na ander gevoelige gewasse, weiding, watermassas en gebiede wat nie behandel moet word nie.
- Matig korrosief – reinig toedieningsapparaat deeglik na gebruik. Doen weg met die waswater op 'n verantwoordelike wyse sodat die omgewing en waterbronne nie besoedel sal word nie.
- Skoonmaak van die onmiddellike houër: Keer die leë houër om oor die spuittenk en laat dit toe om vir minstens 30 sekondes leeg te drup. Spoel die leë houër dan driemaal uit met 'n volume water gelyk aan minstens 10 % van die van die houër. Gooi hierdie spoelwater by die inhoud van die spuittenk waarna die houër mee weggedoen moet word op die voorgeskrewe manier.
- Vernietig die uitgespoelde leë houër deur gate daarin te maak en dit plat te slaan.
- Gooi die houër weg in 'n goedgekeurde stortingsterrein of vernietig dit in 'n plaagdoder verasser.

- Moet nooit die leë houer vir enige ander doel gebruik of hergebruik nie.

### **GEBRUIKSBEPERKINGS**

- **Moenie Format 250SL op of naby gewenste plantegroei of binne hul wortelzones aanwend nie, aangesien dit mag lei tot ernstige skade of die dood van sulke plante.** In die geval van swaar reënbuie, verseker ook dat afloopwater gelaai met gronddeeltjies en onkruidodder, nie in sensitiewe areas soos oop water of gewenste plantegroei soos bome of landerye beland nie.
- Voorkom dat sproeinewel wegdryf na nie-teiken areas, oop water of gewenste plantegroei deur gebruik te maak van lae-druk spuitpunte en anti-dryf bymiddels.
- **Moenie Format 250SL gebruik indien daar nie aan bogenoemde gebruiksbepelkings voldoen kan word nie.**

### **GEBRUIKSAANWYSINGS**

#### **Gebruik slegs soos aangedui**

Dit is 'n oortreding van Goewermentskennisgewings R.1716 van 26 Julie 1991 en R.181 van 7 Februarie 2003 uitgereik kragtens die Wet op Misstawwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels, 1947 (Wet No 36 van 1947), om hierdie middel te gebruik op 'n wyse wat strydig is met die etikettering daarvan.

#### **Wyse van werking:**

- As gevolg van die nie-selektiewe, sistemiese, aard van **Format 250SL**, is die produk geskik vir die beheer van 'n wye reeks eenjaar- en meerjarige breëblaar onkruid en grasse wat voorkom in industriële- en nie-oes areas.
- **Format 250SL** is besonder geskik in areas waar die grond ryk is aan orgniese materiaal en spoorweg-as en in areas waar kweek (*Cynodon dactylon*) beheer wil word.
- Die nawerkende effek van **Format 250SL** word beïnvloed deur grondtipe, totale seisoenale reënval, onkruidsensitiwiteit, digtheid van die onkruidpopulasie wat behandel word, asook onkruidodderdosis.
- **Format 250SL**, wat loof- en wortelopneembaar is, voorsien beide voor- en na-opkoms beheer van onkruid. Optimale resultate word egter behaal indien die produk direk op aktiefgroeiende onkruid toegedien word. In sulke gevalle sal reën binne twee uur ná toediening, nie resultate nadelig beïnvloed nie.
- Alhoewel **Format 250SL** stadig werk, staak verdere groei van behandelde plantegroei gewoonlik kort na toediening. Onder droë toestande mag onkruid maande neem om af te sterf.

#### **Mengbaarheid:**

Die mengbaarheid van **Format 250SL** met ander produkte kan beïnvloed word deur die formulasie van die ander produkte asook die kwaliteit van die water. Aangesien die formulasie van produkte kan verander sonder die medewete van VOLCANO AGROSCIENCE en die kwaliteit van die water ook van plaas tot plaas kan verskil, moet 'n fisiese mengbaarheidstoets altyd uitgevoer word voordat toegedien word.

**Format 250SL** kan met **Kilo WSG** (Reg. Nr. L 7431), **Springbok** (Reg. No. L6719) of **Seismic** (Reg. Nr. L7016) gemeng word om die sigbare effek op behandelde plante te bespoedig.

- Wanneer hierdie tipe tenkmengsels gebruik word, moet die etikette van beide **Format 250SL** en die komplimentêre produk bestudeer word en moet verseker word dat daar gehou word by alle voorskrifte tydens toediening.



## MENGVOORSKRIFTE

### Grondtoediening:

- Gebruik slegs skoon water.
- Maak die spuittenk driekwart vol.
- Skud die **Format 250SL** houer deeglik voordat die vereiste hoeveelheid produk afgemeeet word.
- Meng die afgemete hoeveelheid **Format 250SL** met sowat 10 l water voordat dit in die tenk gegiet word.
- Indien 'n komplimenterende produk saam met **Format 250SL** gebruik gaan word, meng ook hierdie produk vooraf, soos reeds beskryf.
- Vul nou die spuittenk tot die nodige vlak voordat toediening begin.
- Verseker voortdurende beroering tydens die toedieningsproses.
- Aangemaakte spuitmengsel moenie in die spuittenk gelaat word vir enige tydperk nie, bv oornag.

### Lugtoediening:

Lugtoediening mag slegs gedoen word deur 'n goedgekeurde plaagbeheeroperateur geregistreer in Veld (i): Lugtoediening (Wet No 36 van 1947), en wat 'n geregistreerde en korrek gekalibreerde vliegtuig gebruik en wat die spuitmengsel toedien in ooreenstemming met Suid-Afrikaanse Nasionale Standaard 10118: Die Lugtoediening van Landboumiddels (voorheen: SABS Gebruikskode 0118). Dit is belangrik om te verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikengebied versprei word en dat die verlies van spuitmengsel tydens toediening tot 'n minimum beperk word. Die volgende maatstawwe sal nagekom word.

- Gebruik altyd net skoon water.
- Maak die spuittenk driekwart vol.
- Skud die **Format 250SL** houer deeglik voordat die vereiste hoeveelheid produk afgemeeet word.
- Meng die afgemete hoeveelheid **Format 250SL** met sowat 10 l water voordat dit in die tenk gegiet word.
- Indien 'n komplimenterende produk, saam met **Format 250SL** gebruik gaan word, meng ook hierdie produk vooraf, soos reeds beskryf.
- Vul nou die spuittenk tot die nodige vlak voordat toediening begin.
- Verseker voortdurende beroering tydens die toedieningsproses.
- Aangemaakte spuitmengsel moenie in die spuittenk gelaat word vir enige tydperk nie, bv oornag.

### **Toedieningsvereistes:**

- 'n Minimum van 50 l spuitmengsel / ha word aanbeveel.
- Die vliegtuig wat gebruik gaan word vir toediening van **Format 250SL**, moet toegerus wees met 'n minimum van drie AU 7000 *micronairs*, gestel om 'n druppelspektrum met 'n VMD van 350 mikron te lewer.
- 'n Vlieghoogte van minstens 3 m bo die teikenarea moet deurgaans gehandhaaf word.
- Moenie spuit wanneer die vliegtuig klim, aan die bopunt van 'n draai is, tydens 'n duik of in skuinsvlug is nie.

### **Meteorologiese toestande:**

- Die verskil in die lesings van die nat- en droëboltermometerlesings soos bepaal met 'n swaaihigrometer, moet nie 8 °Celsius oorskry nie.
- Moenie tydens onstuimige, onstabiele weerstoestande of gedurende die hitte van die dag toedien wanneer stygende en dalende konveksiestrome voorkom nie.
- Moenie **Format 250SL** toedien indien die windspoed 15 km/h oorskry nie.

**Algemeen:**

- Verseker dat die hele teikenarea egalig bespuit word, sonder om onbehandelde stroke te laat.
- Die toedieningskontraakteur behoort skriftelik te waarborg dat die voorgemelde toestande geheers het ten tye van toediening.

**TOEDIENINGSHOEVEELHEDE****Tabel 1. Industriële onkruidbeheer op padskouers, langs spoorlyne en in ander nie-oes areas.**

Situasie	Format 250SL Dosis	Opmerkings
Alle areas	2 – 8 l / ha	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Dien as 'n volle dekbespuiting toe oor die teikenarea. Afhangende van die digtheid van die onkruidstand, gebruik 300 – 600 l spuitwater/ha.</li> <li>• <b>Gebruik die hoër dosis waar kweek (<i>C. dactylon</i>) en / of geharde meerjarige polgrasse beheer moet word.</b> Die laer dosis is oor die algemeen net geskik vir beheer van eenjaar onkruid of waar 'n kort nawerking benodig word.</li> <li>• Op gronde ryk aan organiese materiaal, steenkool en as, dien ten minste 6 – 8 l <b>Format 250SL</b> / ha toe.</li> <li>• Bestudeer die GEBRUIKS BEPERKINGS, VOORSORGMAATREËLS en GEBRUIKS-AANWYSINGS voordat <b>Format 250SL</b> aangemaak en toegedien word.</li> </ul>

**Tabel 2. Beheer van fluitjiesriet en papkuil**

Situasie	Format 250SL Dosis	Opmerkings
Fluitjiesriet ( <i>Phragmites australis</i> ) Papkuil ( <i>Typha capensis</i> )	250 ml <b>Format 250SL</b> / 100 l water (0,25 % oplossing) of 2-3 l <b>Format 250SL</b> / ha + 7,5 l <b>Springbok</b> of 5,5 l <b>Seismic</b> / ha.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Dien voor blom toe as 'n volle dekbespuiting, teen 'n minimum van 800 l spuitmengsel/ha.</li> <li>• Die byvoeging van <b>Springbok</b> of <b>Seismic</b> sal 'n verhoogde uitklopaksie tot gevolg hê, maar 'n opvolg-behandeling mag egter steeds benodig word gedurende die daaropvolgende seisoen.</li> <li>• <b>NOTA:</b> Moenie fluitjiesriet en papkuil wat in water groei wat moontlik vir besproeiing gebruik gaan word met <b>Format 250SL</b> behandel nie.</li> </ul>

**LYS VAN BREËBLAAR ONKRUIDE EN GRASSE WAT DEUR FORMAT 250SL BEHEER WORD****Breëblaar onkruid:**

<b>WETENSKAPLIKE NAAM</b>	<b>GEWONE NAAM</b>
<i>Asclepias physocarpa</i>	Balbos
<i>Argemone ochroleuca</i>	Meksikaanse papawer
<i>Bidens pilosa</i>	Gewone knapsekêrel
<i>Chenopodium album</i>	Wit hondebossie
<i>Conyza albida</i>	Vaalskraalhans
<i>Conyza podocephala</i>	Oondbos
<i>Chamaesyce inaequilatera</i>	Gladde kruipmelkkruid
<i>Flaveria bidentis</i>	Smeltersbossie
<i>Lepidium bonariense</i>	Peperbossie
<i>Plantago lanceolata</i>	Smalblaar plantago
<i>Schkuhria pinnata</i>	Kleinkakiebos
<i>Senecio polyanthemoides</i>	Radiatorbossie
<i>Tagetes minuta</i>	Langkakiebos
<i>Tribulus terrestris</i>	Dubbeltjie

**Grasse:**

<b>WETENSKAPLIKE NAAM</b>	<b>GEWONE NAAM</b>
<i>Cynodon dactylon</i>	Kweek
<i>Cynodon aethopicus</i>	Stergras
<i>Digitaria sanguinalis</i>	Kruisvingergras
<i>Eleusine indica</i>	Jongosgras
<i>Eragrostis</i> spp. *	Eragrostis spesies
<i>Hyparrhenia hirta</i>	Dektamboekiegras
<i>Panicum maximum</i>	Buffelsgras
<i>Paspalum dilatatum</i>	Gewone paspalum
<i>Paspalum paspaloides</i>	Buffelskweek paspalum
<i>Paspalum urvillei</i>	Reuse paspalum
<i>Pennisetum clandestinum</i>	Kikoejoe
<i>Rhynchelytrum repens</i>	Natal blinkgras
<i>Sorghum halepense</i>	Johnsonsgras
<i>Sporobolus Africans</i> *	Rotstert fynsaadgras
<i>Themeda triandra</i>	Rooigras
<i>Urochloa panicoides</i>	Eenjarige sinjaalgras

\* Die beheer van hierdie twee spesies is wisselvallig.

**Nota:**

**Format 250SL** beheer die bogenoemde breëblaar- en grasonkruidspesies as alleen gebruik, of in tenkmengsels met ander middels soos genoem. Ander breëblaar- en grasonkruid wat nie teenwoordig was tydens die ontwikkelingsproewe nie, kan moontlik ook beheer word in 'n sekere mate. Die registrasiehouer aanvaar nie enige verantwoordelikheid vir enige ongelyste onkruid nie

**Verduidelikende nota:**

HRAC<sup>†</sup> = Herbicide Resistance Action Committee